



PERSBERIG
(Onmiddelijke vrystel)
31 July 2012

Gelykheidshof bevestig regte van lesbiese paartjie

Die Albertonse Landdroshof het op Maandag 30 Julie 2012 'n bevel gemaak ter bevestiging van die regte van twee lesbiese vroue wat 'n beswaar aanhangig gemaak het teen Sha-Mani, 'n privaat onderneming in Alberton wat lokale en konferensie fasiliteite uithuur, omdat hulle nie 'n lokaal kon huur om hulle burgerlike verbintenis in die openbaar te bevestig nie. Die Hof het, sittende as 'n Gelykheidshof, die ooreenkoms tussen die partye aanvaar en bevel dat Sha-Mani R20 000 aan OUT, 'n nie-regeringsorganisasie wat onder andere berading verskaf aan gay en lesbiese persone. Sha-Mani is ook bevel om al hulle lokale aan enigeen te verhuur, insluitend vir troues, en om nie in die proses indirek of direk teen enigeen te diskrimineer op grond van hulle seksuele oriëntasie of geslagsidentiteit nie. Die egpaar, Francis and Liani Buitendag, het na die afhandeling van die saak soos volg opgemerk: "Ons hoop regtig die uitkoms van hierdie saak help ander mense in die "LGBTI" (lesbiese, gay, bi-seksuele, transgender en inter-seks) gemeenskap om te besef dat hulle 'n reg het om beswaar te maak teen onbillike diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie en geslagsidentiteit."

Die hofverrigtinge het voortgespruit uit 'n besoek van die egpaar op 23 Mei 2011 aan Sha-Mani. Nadat die twee vroeër by wyse van 'n privaat seremonie in 'n burgerlike verbintenis bevestig is, het hulle besluit om hulle 'huwelik' in die openbaar te vier. Tydens hulle besoek aan Sha-Mani het Francis verlief geraak op een van die lokale. "Ek het gedink die Stellenhof-lokaal is 'n perfekte romantiese plek om ons liefde en trou aan mekaar te bevestig in die teenwoordigheid van vriende en familie", het Francis ná afloop van die saak verduidelik.

Toe hulle egter na hulle besoek die lokaalbespreking deur epos wou bevestig, het hulle teen 'n reeks hindernisse te staan gekom: Sha-Mani se personeel kon net nie 'n datum vind waarop hulle gunsteling lokaal beskikbaar is nie: Met die hulp van heteroseksuele vriende het die egpaar vasgestel dat daar wel beskikbare datums is. Hulle het vernederd gevoel, en die Gelykheidshof genader. Voor die Hof het die Buitendags beweer dat Sha-Mani bewus was dat hulle lesbiërs is, en op grond daarvan onbillik teen hulle gediskrimineer het. Tydens hulle besoek het die twee duidelik laat blyk dat hulle lesbiërs is, deurdat hulle hande vasgehou het en opgewondenheid uitgespreek het oor die lokaal waar hulle hul 'huwelik' wou bevestig. Die Buitendags het dus aangevoer dat hulle die geleentheid om die lokaal te huur ontnem is op grond van hulle seksuele oriëntasie.

Die Buitendags het die saak gebring in terme van die Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, wat in 2000 aangeneem is en op 16 Junie 2003 in werking getree het. Kragtens hierdie Wet kan enige persoon 'n gelykheidshof nader met bewerings dat 'n privaat persoon of instelling (soos a vakansie-oord, kroeg, restaurant of haarkapper) onbillik teen hom of haar gediskrimineer het. Bepaalde landdroste en regters word derhalwe as gelykheidshowe aangewys. Die verrigtinge voor



gelykheidshowe is informeel en aansoekers hoef nie regsverteenwoordiging te hê nie. Die idee is dat hierdie howe toeganklik en bekostigbaar moet wees.

Die onderliggende doel van die Gelykheidswet is om die ongelykhede wat nog volhard in post-apartheid Suid-Afrika uit te roei. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Grondwet diskriminasie op grond van ras, geslag, seksuele oriëntasie, ouderdom en gestremdheid (en ander gronde) verfoei, verander die blote insluiting van grondwetlike bepalings nie diepgaande optrede en houdings nie. Die Suid-Afrikaanse Grondwet verbied nie net onbillike diskriminasie deur die staat nie; maar ook deur nie-staatsorgane, soos Sha-Mani. Die Gelykheidswet beskryf in besonderhede hoe sake teen nie-staats organe gevoer kan word. Frans Viljoen, die Direkteur van die Sentrum vir Menseregte, wat die klaers verteenwoordig, merk soos volg op: "Onlangse en gereelde verslae van geweld teen lesbiese vroue in Suid-Afrika beklemtoon die ernstige onvermoë van ons welluidende wetgewing om homofobiese houdings en geweld uit te roei. Die toenemende gebruikmaak van gelykheidshowe is een manier waarop die reg beter tot diens kan wees van gays en lesbiese vroue in ons samelewing".

Die Wet verbied nie net direkte (ooglopende) diskriminasie nie, maar ook indirekte (implisiete) diskriminasie. Die Buitendags se saak is 'n goeie voorbeeld van indirekte diskriminasie. Die egpaartjie het aangevoer dat Sha-Mani nooit openlik verklaar het dat hulle diskrimineer nie. Volgens die Buitendags kan diskriminasie afgelei word uit 'n kombinasie van die personeel se houding en optrede teenoor hulle tydens hulle besoek, en die konstruktiewe weiering om 'n datum te vind waarop hulle 'n lokaal kon huur, terwyl datums beskikbaar was vir ander heteroseksuele paartjies.

Alhoewel die Wet al op 16 Junie 2003 in werking getree het, het relatief min sake nog by gelykheidshowe uitgekóm. Van die redes vir hierdie tekort aan sake is: Dis dikwels moeilik om indirekte diskriminasie te bewys; en daar is steeds 'n groot gebrek aan kennis en bewussyn oor die moontlikhede wat gelykheidshowe en die Gelykheidshof bied; en 'n wantroue in die rol van howe om gewonde mense se lewensomstandighede te verander.

'n Prominente uitsondering op die reël dat daar baie min sake aanhangig gemaak word waar onbillike diskriminasie op grond van seksuele oriëntasie beweer word, is die geval van Johan Strydom, voormalige orrelis van die NG Gemeente, Moreletapark. In hierdie aangeleentheid het die voormalige Transvaalse Hoëhof, sittende as Gelykheidshof, bevind dat Strydom se kontrak beëindig is op grond van sy seksuele oriëntasie. Regter Basson het bevel dat R75 000 aan Strydom betaal word, vir die aantasting van sy waardigheid, en emosionele skade, en dat die Kerk hom om verskoning moes vra (Die saak is gerapporteer as *Strydom v Nederduitse Gereformeerde Kerk Gemeente Moreleta Park* 2009(4) SA 510 (Equality Court, TPD)).

Die Sentrum vir Menseregte, Regsfakulteit, Universiteit van Pretoria, was die egpaar se regsverteenwoordigers. Die Sentrum is 'n akademiese departement in die Universiteit, maar neem ook gelykheidshofsake op 'n *pro bono* basis, en bied opleidings programme aan oor verskeie aspekte van menseregte, insluitende die Gelykheidswet.

EINDE

Vir verdere inligting kontak asseblief
Francis Buitendag, 083 301-9674, febuitendag@distell.co.za
Laini Buitendag, 076 777-9260, lbuitendag@qilogistics.com
Frans Viljoen, Sentrum vir Menseregte, 073 393-4181, frans.viljoen@up.ac.za